**SATERDAG 25 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 11:17-32**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 11:25-27**

## Lasarus sê: "God help – deur ons op te wek tot die lewe"

Vir baie mense is die troos van 'n ewige lewe iets wat nog ver weg in die toekoms lê. Iets wat eers later op my van toepassing sal wees. In haar hartseer sê Jesus egter vir Marta dat dit nou al reeds 'n werklikheid is vir elkeen wat glo.

Om vir Marta te troos, verskuif Jesus die aandag weg van haar omstandighede (weg van Lasarus se sterwe) na Homself. "Ek is die opstanding en die lewe ..." Haar troos lê nie in die wete hoe dit ná die dood gaan wees nie, maar in Wie Hy (Jesus) nou reeds vir ons is! Omdat Hy die opstanding en die lewe is, laat Hy nie maar net diegene wat gesterf het, eendag uit die dood uit opstaan nie – Hy is nou al reeds vir ons die ware lewe!

Jesus wys hier in Lasarus (God help) dat Hy reeds die opstanding is, wanneer Hy vir Lasarus uit die dood laat opstaan. Dis egter met sy eie opstanding dat Christus die mag van die dood oorwin. Aangesien ons saam met Hom gesterwe het, laat Hy ons ook weer saam met Hom uit die dood opstaan (Rom. 6:8-11). Eendag sal Hy dié wat gesterf het, uit die fisiese dood opwek. Hy wek ons egter nou al reeds uit ons geestelike dood op. Die angel van die dood (die sonde) is deur Christus oorwin, sodat ons nou reeds waarlik in Hom kan lewe.

Hoe lyk ons dankbaarheid vir die lewe wat ons in Christus ontvang het? Leef ons vir Hom of steeds net vir onsself? Onthou, dis nie uit eie krag nie, maar deur God se genade dat ons leef! Lasarus beteken: "God help."

Ja, waarlik! God help ons deur sy reddende genade in Christus, sodat ons in Hom kan glo en lewe, sodat ons in alle ewigheid nooit sal sterwe nie! Glo jy dit?

*Sing: Psalm 71:1, 2 (1936)*
*Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg-Suid)*